
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 18: 29 Mei 2026



BELANGRIKE INLIGTING:


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Duck Derby | Bl. 9 |
| Pajamadag | Bl. 10 |
| Vadersdagverkope | Bl. 12 |



# Uit die kantoor

- Baie geluk aan die dogters wat mooi presteer het tydens die derde landloopliga. Uitslae op bladsy 5. Sterkte aan die dogters wat vanmiddag aan die vierde landloopliga deelneem.
- Baie geluk aan Oranje se spreekkore en al die dogters wat individueel deelgeneem het en puik presteer het tydens die Kunswedstryd. Uitslae op bladsy 6.
- Op Maandag, 25 Mei, het die dogters die jaarlikse spelkompetisie geskryf. Borgvorms met die bedrag betaalbaar is aan leerders uitgegee. Gelde moet asseblief op Karri inbetaal word voor of op Maandag, 3 Augustus. Al die dogters wat meer as R500 op haar borgvorm ingesamel het, gaan na McDonalds.
- Die junior– en seniorkoor het gister aan die ATKV-Applous se streeksfees deelgeneem. Die juniorkoor behaal goud en die seniorkoor behaal silwer. Baie geluk aan ons dogters, mnr. Werner Stander (afrigter) en mev. Maretha Steyn (begeleier) met die pragtige prestasies. Oranje is ongelooflik trots op julle!
- Op Vrydag, 5 Junie, begin die eksamen vir graad 7. Op Maandag, 8 Junie, begin die eksamen vir graad 4 en 5 en op Dinsdag, 9 Junie, vir graad 6.
- Eksamenreëlings:
  Dogters van gr. 1-7 mag van Maandag, 8 Junie, skoolsweet-pakke aantrek en netjiese tekkies. Indien u dogter nie 'n skoolsweetpak het nie, moet sy skooldrag aantrek.

  Die skool kom vanaf Vrydag, 5 Junie, tot Donderdag, 25 Junie, om 12:00 uit vir gr. 1-7.

  Op Vrydag, 26 Junie, sluit die skool om 10:00.

  Indien u dogter siek is tydens die eksamen, moet 'n mediese sertifikaat by die registerjuffrou ingehandig word.

  Middagstudie gaan normaal voort tot Donderdag, 25 Junie.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 29 Mei: | Netbal: MMED Distrik uitspeelwedstryde, Eunice<br>Skool verdaag 12:00<br>Landloopliga 4 |
| 30 Mei: | Netbal: Vrystaatproewe o. 12 en o. 13, Kroonstad |
| 2 Junie: | Voedselprojek Gr. 4C |
| 4 Junie: | Voedselprojek Gr. 3A<br>Mnr. Sarel en tannie Charlene verjaar<br>Duck Derby |
| 5 Junie: | Pajama– en Pantoffeldag (Bring produkte)<br>Landloopliga 5<br>Eksamen: Gr. 7 NW<br>Skool verdaag 12:00 |
| 6 Junie: | Netbal: Vrystaat Kampioenskap, Kroonstad |
| 8 Junie: | Eksamen |
| 9 Junie: | Voedselprojek Gr. 3B<br>Eksamen |
| 10 Junie: | Eksamen |
| 11 Junie: | Juf. Lelita verjaar<br>Voedselprojek Gr. 3C<br>Eksamen |

# Netbal

Die netbalseisoen is Maandag met netbalwedstryde saam met en teen die ouers afgesluit. Dit was 'n dag vol pret! Baie dankie aan elke dogter en afrigter vir julle harde werk en deursettingsvermoë, dit het beslis vrugte afgewerp!













# Tennis

Drie eendjies het vanaf 22 tot 24 Mei aan die TSA Free State o. 12 Minitennistoernooi deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Grace Dippenaar | 1ste |
| Erin Dippenaar | 2de |
| Mikela Kritzinger | 3de |

Grace Dippenaar en Erin Dippenaar:
Dubbels Dogters o. 12 — 1ste

# Sport

# Landloop



Twee-en-dertig eendjies het deelgeneem aan die derde Landloopliga wat by die Universiteit van die Vrystaat se landloopbaan plaasgevind het. Die dogters het goed presteer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ariana de Wet | Dogters onder 13 jaar, 3km | 2de | 14:11 |
| Almé Bornman | Dogters onder 13 jaar, 3km | 7de | 15:01 |
| Marlé Verster | Dogters onder 12 jaar , 3km | 5de | 14:15 |
| Mioné Meyer | Dogters onder 12 jaar, 3km | 6de | 15:51 |
| Lenike van den Berg | Dogters onder 10 jaar, 2km | 1ste | 8:30 |
| Naomi Malan | Dogters onder 10 jaar, 2km | 3de | 9:26 |
| Lara Goosen | Dogters onder 10 jaar, 2km | 4de | 9:36 |
| Ju-Marie le Roux | Dogters onder 10 jaar, 2km | 9de | 10:07 |
| Aïla Cilliers | Dogters onder 9 jaar, 2km | 2de | 9,07 |
| Mienke Fouché | Dogters onder 8 jaar, 1km | 1ste | 4:50 |
| Mailey Becker | Dogters onder 8 jaar, 1km | 4de | 5:10 |
| Niandri le Roux | Dogters onder 8 jaar, 1km | 7de | 5:26 |
| Leah Ranft | Dogters onder 8 jaar, 1km | 8ste | 5:27 |



# Laser Run

Op Saterdag, 23 Mei 2026 het die FSMPA Vrystaat Laser Run Kampienskap plaasgevind. Die volgende leerlinge het deelgeneem en goed presteer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Miané Wessels | Dogters Onder 11 | 02:16 | 1ste |
| Aïla Cilliers | Dogters Onder 11 | 02:29 | 2de |
| Skye Futter | Dogters Onder 11 | 02:41 | |
| Leah Venter | Dogters Onder 11 | 02:42 | |
| Lea Cilliers | Dogters Onder 13 | 03:33 | 1ste |
| Z'ney Piechaczek | Dogters Onder 13 | 03:37 | 2de |
| Kaylyn Blair | Dogters Onder 13 | 03:40 | |
| Tené Venter | Dogters Onder 13 | 03:42 | |
| Almé Bornman | Dogters Onder 15 | 08:29 | 2de |

# Kunswedstryd

Ons eendjies het Oranje se naam hoog gehou by die Vrystaatse Kunswedstryde wat tussen 18 – 22 Mei plaasgevind het by Brandwag Primêre Skool, en as volg presteer:

**Graad 7**

| | | |
|---|---|---|
| Dienie Hardie | A++ | |
| Almy Wessels | A++ | |
| Lisah Pieterse | A++ | |
| Anja Kapp | A+ | |
| Alánie van Biljon | Gedig A++ | |
| | Gedramatiseerde Gedig | A+ |

**Graad 6**

| | |
|---|---|
| Karla Van Rooyen | A++ |
| Emma Jacobs | A++ |
| Leana Myburgh | A++ |

**Graad 5**

| | |
|---|---|
| Nea Cloete | A++ |
| Lara-May Burger | A++ |
| Delri Buitendag | A++ |
| Liesel Hardie | A++ |

**Graad 4**

| | |
|---|---|
| Miané Wessels | A++ |
| Lara van Viegen | A++ |
| Grace Troskie | A++ |

**Graad 3**

| | | |
|---|---|---|
| Lika Odendaal | A+ | |
| Corli Potgieter | A++ | |
| Livia Wege-Garvie | Gedig | A+ |
| | Gedramatiseerde gedig | A++ |

Baie dankie aan die Skeppende Kunste personeel en mev. Carin van Biljon vir die afrigting van die spreekkore.
Die uitslae was soos volg:

| | |
|---|---|
| Graad 4A | A+ |
| Graad 4B | A++ |
| Graad 4C | A++ |
| Graad 5A | A++ |
| Graad 5B | A++ |
| Graad 5C | A++ |
| Graad 6A | A+ |
| Graad 6B | A++ |
| Graad 6C | A++ |
| Graad 7A | A++ |
| Graad 7B | A++ |
| Graad 7C | A++ |

# Nautilus

Die tweede Nautilus wiskundekamp van die jaar was op 23 Mei aangebied. Baie geluk aan die volgende leerders wat baie mooi presteer het:

| | |
|---|---|
| Milan Botha, graad 4 | 1ste |
| Lara Goosen, graad 4 | 2de |

# Oppie Tong Af Redenaars

Die volgende leerder het op 25 Mei aan die Oppie Tong Af Redenaars semi-finaal deelgeneem:

| | |
|---|---|
| Lika Odendaal | A++ (90,25%) |

# Algemeen

# Teater

Kaylee Maritz, graad 3, was deel van die teaterproduksie "Healing of Hearts" wat 21, 22 en 23 Mei in die Sand du Plessis teater opgevoer is. Verskeie skole regoor Bloemfontein was deel van die kore, dansers, mimiek en drama wat gebruik was om die boodskap uit te beeld dat genesing en hoop moontlik is vir elke hart.

Dit is 'n gemeenskapsprojek en sluit honderde jongmense in wat respek, genade en vergifnis in die nasies uitbeeld as sleutels vir 'n vredevolle, betekenisvolle toekoms.

# Ballet

Lisah Pieterse het aan die South African International Ballet Competition op 17 Mei deelgeneem en die volgende prestasies behaal:

<u>Dogters 9-12 jaar:</u>

| | |
|---|---|
| Ballet Repertoire: | Dring deur na die semi-finaal in Kaapstad, Skoliere-afdeling. |
| Kontemporêr: | Dring deur na die semi-finaal in Kaapstad, Skoliere-afdeling. |

# ATKV-Applous

Die juniorkoor het goud en die seniorkoor silwer behaal tydens die ATKV-Applous. Baie geluk aan ons dogters, mnr. Werner Stander (afrigter) en mev. Maretha Steyn (begeleier) met die pragtige prestasies.
Oranje is ongelooflik trots op julle!







# Dans

Leerlinge van Dance Academy het die naweek van 22 en 23 Mei deelgeneem aan die DTMA Vrystaat Provinsiale Kampioenskap. Dit het plaasgevind in die Wynand Moutonteater in Bloemfontein. Die beoordelaars was Joubert Jonker en Kyle Kerwin. Leerlinge moes 83% of hoër kry om in aanmerking te kom vir DTMA Vrystaatklere. Ons is baie trots op al die leerlinge van Dance Academy onder leiding van mev. Corne du Plessis. Hulle het almal gekwalifiseer vir DTMA Vrystaatklere om September aan SA's in Johannesburg te gaan deelneem. Die uitslae was soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lise Esterhuisen: | 7 – 8 jaar | Musiek teater | 87,9%, Trofee: beste junior musiekteater beginner. |
| Nelize Sieberhagen: | 7–8 jaar | Novice Akrobatiese Solo | 2de |
| Haley-Aleah Human: | 7–8 jaar | Novice Akrobatiese Solo | 3de |
| Denise Breytenbach: | 9–10 jaar | Novice Disco Solo | 2de |
| | 9–10 jaar | Novice Kontemporêr Solo | 2de |

Groepe en duette word nie gerangskik nie en moet volgens persentasie promoveer:

| | |
|---|---|
| Junior Hip Hop Duet: | 84% – hoogste punt |
| Destruction Groove Junior Contemporary Duet: | 83% – tweede hoogste punt |
| Destruction Groove Junior Disco Duet: | 84.4% – hoogste punt |
| Disco Divas Junior Musiekteater Duet: | 83.3% – hoogste punt |
| It's a Hard Knock Life | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lisah Pieterse: | 11–12 jaar | Ballet Repertoire | 84.1% | 1ste |
| | 11–12 jaar | Klassieke Ballet | 85.7% | 1ste |
| | 11–12 jaar | Kontemporêr | 85.5% | 1ste |
| | 11 – 13 jaar | Lyries | 84.25% | 3de |

Gekwalifiseer vir Nasionale rondte in al vier items.
Toekennings ontvang: Junior Klassieke Ballet Algehele Kategoriewenner

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Mikayla Pretorius: | Junior group | | 84.3% | Ontvang Provinsiale Kleure |
| Kaylee Ross: | Junior group | | 84.3% | Ontvang Provinsiale Kleure |
| Carli du Plessis: | 11-13 jaar | Liriese solo | 85,1% | 1ste |

Spesiale toekenning: solo.
Trofee: Beste junior liriese beginner.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ava Khouri: | 11-13 jaar | Jazz solo | 83,4% | 2de |
| | 11-13 jaar | Musiekteater solo | 83,3% | |
| Sophia Prinsloo: | 11-13 jaar | Jazz solo | 83,1% | 3de |
| | 11-13 jaar | Musiekteater solo | 83% | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Groepitem: Carli du Plessis, Skylann O'Ryan, Lara van Viegen, Emma Olivier, Mila Marais | Hit the road Jack – Tap | 88,5% | Trofee: Beste junior beginner groep. |
| Groeptiem: Emma Olivier, Delri Buitendag, Helen Pienaar | Big Girl | 85,4% | Wen die algehele trofee vir beste junior trio. |
| Groepitem: Carli du Plessis, Skylann O'Ryan, Lize Husselman, Delri Buitendag | Dream | 84,7% | |


PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE
ORANJE
VOORUIT
1907
Duck Derby
DONDERDAG
4 JUNIE
17:30 vir 18:00 | Monte Bello Estate
R360 p.p | Tafel van 10 teen R3 600
Ete ingesluit | Kontantkroeg
Tema: Chic Safari | Baie pryse te wen
Kaartjies beskikbaar op
Karri en by die skoolkantoor
tot Vrydag, 29 Mei
R360
per
persoon



Pajama -en Pantoffeldag
Trek op
VRYDAG, 5 JUNIE
pajamas en pantoffels aan.
Bring 'n nie-bederfbare produk na jou registerjuffrou voor/op Donderdag, 4 Junie.
Alle produkte gaan aan minder-bevoorregtes skenk word

# Pinkster

Hierdie jaar het ons 'n baie spesiale gas ontvang wat van Blêrfontein af vir ons kom kuier het, Leon die verlore skaap!

Saam met ds. Rikus het Leon vir ons waardevolle lesse geleer oor om goed te doen aan ander, geleenthede raak te sien en nooit op te hou om liefde uit te leef nie.

Leon het ook 'n nuwe maat, Tjoppie, ontmoet wat hom meer van Jesus geleer het en gewys het dat ons engie tyd met God kan praat deur gebed. Ons het saam gesing, geleer, gelag en gespeel. Baie dankie aan die span wat hierdie besonderse Pinkster met ons kom deel het.













| | Junie 2026 | | | | | J |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Di** | **Wo** | **Do** | **Vry** | **Sa** | **So** |
| 1 | **2** | **3** | 4<br>**Duck Derby** | 5<br>***Eksamen:*** Skool verdaag 12:00<br>**Gr. 7 NW** | **6** | 7 |
| 8<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 SW Gesk.**<br>**Gr. 5 NWT** | **9**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Afrikaans**<br>**Gr. 5 Afrikaans**<br>**Gr. 6 Afrikaans.**<br>**Gr. 7 Afrikaans** | **10**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 NWT.**<br>**Gr. 5 SW Gesk.**<br>**Gr. 6 SW Gesk**<br>**Gr. 7 SW Gesk.** | **11**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Engels**<br>**Gr. 5 Wiskunde**<br>**Gr. 6 Engels**<br>**Gr. 7 Wiskunde** | **12**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Wiskunde**<br>**Gr. 5 SW Aard.**<br>**Gr. 6 Wiskunde.**<br>**Gr. 7 SW Aard.** | **13** | **14** |
| 15<br>Skoolvakansiedag | **16**<br>Jeugdag | 17<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 SW Aard.**<br>**Gr. 5 Engels**<br>**Gr. 6 NWT**<br>**Gr. 7 LO-prakties** | 18<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 LV**<br>**Gr. 6 LV**<br>Gr. 7 SK | **19**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 5 LV.**<br>**Gr. 6 SW Aard.**<br>Gr. 7 Engels | **20** | **21**<br>Vadersdag |
| **22**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 EBW** | **23**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 LO** | **24**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 Tegnologie** | **25** | **26**<br>**Skool sluit 10:00** | **27** | **28** |



# Gedagte vir die week

Pa en Ma: Bou die regte skip

Ons het almal al die spreekwoord gebruik dat jy wag vir jou skip om te kom. Uiteraard het dit alles met geld en besittings te doen – daardie dag wat jy gaan voel jy het nou genoeg geld en jy kan sonder enige spanning oor jou finansies verder gaan met jou lewensreis. Hierdie "skip" veroorsaak dat mense geweldig jaag deur die lewe. Stresvlakke is uitermatig hoog en die druk wat jy en die sisteem op jouself plaas, is die meeste van die tyd ondraaglik. Geen wonder depressievlakke in ons pragtige land is so abnormaal hoog nie. Dit het alles met die "skip" te doen.

In die Bybel word van 'n ander baie bekende "skip" gepraat, naamlik die ark. Dis die skip wat Noag gebou het om sy huisgesin te red. Dis die veilige hawe vir 'n hele klomp diere, maar meer belangrik, vir Noag en sy huisgesin. Dis 'n veilige hawe teen erge stormwaters. Dis 'n veilige hawe waar jy kan wegkruip en skuil teen die storms van die lewe. Hier voel jy en jou gesin veilig. Dis 'n goeie en lekker plek. Dis 'n plek waar ons na mekaar luister, tyd maak vir mekaar en werklik omgee vir mekaar. Jou kind wil graag op so 'n "skip" wees.

Die "skip" het min te doen met geld en besittings. Hierdie "skip" het alles te doen met liefde, verhoudings, sterk bande tussen ouers en kinders en 'n veilige hawe waar jou kinders kan skuil teen die stormwaters van die lewe. Jy sien, as die skip afwesig is en jy bou nie doelgerig aan die skip nie, is wat oorbly, massa's verswelgende stormwaters. Daar is of 'n skip waar jy en jou kinders veilig voel, of stormwaters waarin jy en jou kinders verdrink. Dis 'n feit dat baie van ons jongmense vandag geweldig dekadent lewe en swaar kry. Hulle het hierdie "skip" nodiger as ooit in die geskiedenis.

John West sê die volgende kragtige, waar woorde van die tyd waarin ons vandag leef:

Ever since sin entered the world, human beings have sought excuses for their behaviour, but materialism handed us an inexhaustible supply of excuses.


Die een skip het baie te doen met die jaag van geld en besittings. Die ander skip is die skip van verhoudings, die skip van 'n gelukkige en gesonde gesin. Dis die skip wat vandag lewens red. Dis die skip wat ons jongmense desperaat na verlang en na uitroep.

Watter skip bou jy in jou huis?

~ Johan Smith ~

## Lief en leed

Baie geluk aan juffrou Bianca wat die afgelope naweek getroud is. Mag julle huwelik gevul wees met baie liefde, vrede en vreugde.



## Lief en leed

Baie sterkte aan Haley-Aleah Human wat in die hospitaal is. Ons bid haar 'n spoedige herstel toe.

## Lief en leed

Baie geluk aan Elé Weideman en haar familie wat 'n boetie ryker geword het. Mag hy vir julle baie vreugde bring!




# Advertensies